WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
12 NOVEMBER 2017

Dankfeesseisoen

Oktober 2017– Januarie 2018

U word vriendelik herinner aan die volgende belangrike datums:

- 17 November — Verse by Kerse 19:00 (hekke open 17:00)
- 19 November — Kerssangdiens met die Ensemble 08:00 & 10:00
- 19 November — Kontemporêre kersprogram met die band 17:30
- 20 November — Doopgesprekke vir Desember 18:30
- 22 November — Senior Afsluiting 09:00
- 3 Desember — Kersprogram met Jannie du Toit om 17:30

Eredienste vandag (Nagmaal)

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Kobus Sandenbergh

KIXkerk 08:00 & 10:00
Geen

Kapel 10:00
Dr Neil du Plessis

Kerk 17:30
Ds Ferreira Marais

Eredienste 19 November

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Ferreira Marais - *Kerssangdiens*

KIXkerk 08:00 & 10:00
Geen

Kapel 10:00
Geen agv Kerssangdiens

Kerk 17:30
Ds Ferreira Marais – *Kontemporêre Kersprogram met die band*

SENIORBEDIENING

Silwerhoekie

Aandag alle senior burgers! Tydens ons Silwerhoekiebyeenkoms eerskomende Dinsdag 14 November om 10:00, kom Hesta Kruger met ons gesels oor gehoorprobleme. Enige iemand wat belangstel, word uitgenooi om die oggend saam met ons te kuier. Ons luister ook na 'n bietjie musiek, geselekteer deur ons verjaardagvriende. Groep C onder leiding van Kobie Allen sorg vir tee en eetgoed.

Senior Bybelstudiegeleenthede
Dinsdae – tydens skoolkwartale

- Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand 15:00 Wilgeheuwel Aftreeoord in die Gemeenskapsaal. Navrae Ds Barry vd Merwe (082 579 1126) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- 9:00 vir Seniors in die Koffiewinkel. Kontak vir Dr Willem Saunderson op 083 657 9828 vir navrae.
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand (tydens skool-kwartale) om 15:00. Almal welkom! Navrae Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671.

Donderdae – tydens skoolkwartale

- Jakaranda Aftreeoord, elke 1ste en 3de Donderdag van die maand (tydens skool-kwartale) om 15:00 in die gemeenskap-saal. Navrae Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671 of Piet Pretorius 072 502 8009

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Hettie Wessels 083 254 6833

Direkteur van Versorging *(M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)* Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Bets Rautenbach 078 862 0718
Erika Steyn 082 855 9100

Voorbidding word gevra vir die volgende persone:

Langtermynversorging

- Gené Brits is weer opgeneem in die Flora Kliniek. Sy ontvang steeds behandeling vir Devic's Sindroom. Haar ma Renette se nommer is 083 232 5837.
- Joey en Mike Havenga se broer, Zeeman Botha ontvang bestraling. Mike se nommer is 072 579 9014.
- Darius Botha word versorg in die hospice. Sy seun, Derik, begin binnekort met chemoterapie. Sy nommer is 061 415 1061.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Tannie Susan Jordaan is terug in die versorgingsoord. Oom Jorrie sukkel met sy gesondheid. Oom Jorrie se nommer is 082 312 6926.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337. Sophia Eloff het 'n skoueroperasie in die Olivedale Kliniek gehad. Haar nommer is 083 414 6017.
- Michael Muller is gediagnoseer met Motorneuronsiekte. Sy vrou Cecilia kan gekontak word by 082 332 0558.
- Oom Ernst de Vries is in die Waterval Village Versorgingseenheid en kry gereeld dialise. Sy nommer is 082 346 2536.
- Jack Stenekamp word tuis versorg. Sy vrou, Tina, se nommer is 082 406 2088.
- Kappie Smal sukkel met sy gesondheid. Sy vrou, Magda, se nommer is 072 247 5408.
- Oom Boet Schönfeldt sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 082 847 6886.
- Sarel Oosthuizen se ma, Engela, het kanker en chemoterapie is gestaak. Sarel se nommer is 072 312 0574.
- Nadine de Klerk sukkel met haar gesondheid en begin weer met chemoterapie. Haar nommer is 082 773 0822.

Ander

- Oubaas Mouton sukkel met sy gesondheid. Sy vrou, Veronica, se nommer is 084 514 0424.

**Ons nooi jou uit om iemand op die Lief en Leed lysie te kies en vir hulle te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

www.GetSnapScan.com

ng kerk weltevreden

Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte - Dankoffers
- Projekte - Dankfees

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor
****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

JEUGFOKUS

Kategese

KIXkerk en JonkX hervat weer na die vakansie in Januarie 2018 as volg:

Peuterkerk in A5
08:00 & 10:00

KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00

KIXkerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
**Hervat weer in Januarie 2018*

Jonk-X (Gr 7 – 11)
18:30

KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6 in K4
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeugngwelte@gmail.com vir meer inligting.

DIS LENTE EN ONS "SPRING CLEAN"!

Saam met die begin van die nuwe seisoen, gaan ons dinge bietjie regruk hier op die kerkterrein, maar ons het hulp nodig asseblief. Het jy dalk kontak met een van die volgende diensverskaffers of kan jy 'n donasie maak vir:

- Tuingereedskap, bougereedskap en teëlsnyer
- Boumateriaal (facia boards, cornices, skirtings, ens.)
- Skrynwerk en skrynwerkmateriaal (kasdeure)
- Sprinkelbesproeïng
- Houtpale
- Kantoor-en raadsaalmeubels
- Tuindienste
- Beton-menger
- Glaspanele
- Verf en waterdigting
- Verskuiwing van rommel en bakstene
- "Bobcat" met skraapplaat en gruis vir parkeerareas
- Plaveisel/teer vir parkeerareas
- Sekerheid (elektriese omheining, staalhekke, palisade ens.)

Vir meer inligting hieroor, kontak gerus vir Dirk Botha, Faktotum by die kerkkantoor of 083 678 6726 of epos faktotum@ngweltevreden.co.za.

Ons nooi jou uit om 'n gebedsversoekkaartjie in te vul en dit in die houers by die deure in die kerk en kapel te plaas. Die gebedspan wil graag vir jou bid. Indien jy ook deel van die span wil wees wat elke Sondag tussen die twee eredienste bid in die biblioteek, kontak asb die kerkkantoor.

GROEPE

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of 'n Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels op 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Die Sewe30's Groeigroep vir jongwerkendes kom Woensdae en Donderdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393 0707.

Woensdae
- 5:30 vir mans in A1 - Dr Neil 082 346 5238.
- 5:45 vir mans by Ds Kobus (011) 475 1474 of 082 451 1671.

Donderdae
- Vrouebybelstudie 8:00 in die Koffiewinkel - Ds Hettie 083 254 6833.
- Donderdag-kafee 18:30 in die Koffiewinkel. Almal welkom.

Saterdae
- 7:00 vir mans in A1 - George Louw 082 491 5313

Almal is baie welkom!

Gemeentebrief November 2017

Wanneer ek terugkyk op 2017 kom ’n lang lys woorde by my op, wat iets verwoord van mense se belewenis die afgelope jaar. Sommige van hierdie woorde is gebruik in informele gesprekke om etenstafels, langs die sportveld en by kuiergeleenthede. Sommige kom uit koerantberigte of die radio en sommige van mense in oomblikke van broosheid en seer tydens pastorale gesprekke.

Die lys van woorde is onder andere: *Moeg, depressie, staatskaping, misdaad, bang, skuld, rommelstatus, angs, plaasaanvalle, moord, regering, seer, breingewas, spanning, werksdruk, verkeer, beroerte, werkloosheid, BEE, kanker, bestraling, trauma, krisis, graf, droogte, rooftog, Zuma, treur, Guptas, rassisme, SARS, verkrag, Alzheimers, pyn, dood, chemoterapie, VIGS, bedel, verslaaf, arm, aborsie, tegnologie, gejaag, plakkerskampe, kospakkies, boelies, winskoop, slaggate, selfdood, skynheilig, skei, anti-depressant, sekwestrasie, emigreer.*

Agter baie van hierdie woorde lê daar ’n dieper storie van seer wat ’n mens se energie op die lang duur tap, die toekoms donker laat lyk en jou vreugde kan steel.

Maar gelukkig eindig ons stories nie hier nie. Geloof stel ons in staat om met ander oë na ons omstandighede en na mekaar te kyk. Dit help ons om met nuwe woorde te praat oor daardie dinge wat ons soms lamlê.

Na ’n lang (en vir sommige ook uitputtende!) jaar vol uitdagings vier ons binnekort Advent. Advent beteken onder andere “gereedmaak” of “koms” en ons fokus op die Christus-kind wat Hom kom tuismaak het tussen ons. Jesus se koms was ook midde ’n stormagtige tyd in Israel se geskiedenis. Die Jode se moraal was laag en hulle uitsig op die toekoms donker. Hulle omstandighede toon nogal baie ooreenstemming met die omstandighede wat ons vandag ervaar.

Dit was juis vir tye soos hierdie dat Hy gekies het om mens te word. Christus se teenwoordigheid en vars boodskap bring ’n nuwe perspektief op God; dit help ons verder kyk; dit transformeer moeë en stukkende lewens en dit bring hoop in alle omstandighede.

Hiervan kan ek eerstehands getuig. Daarom kom nog ’n lys woorde by my op. Hierdie woorde is ook gebruik in informele gesprekke om etenstafels, langs die sportveld en ja, ook in gesprekke waar mense broos en seer was.

Anders as die eerste lys wat getuig van magteloosheid, seer en moedeloosheid is daar lewe en moontlikhede in hierdie lys. Dit is woorde soos: *Genade, vriende, familie, genesing, vergifnis, blydskap, doop, herstel, dankbaarheid, gasvryheid, uitkoms, liefde, aanvaarding, hoop, Jesus, rentmeesters, inspirasie, vertroue, seëninge, Verbond, gemeenskap, kuier, sorg, geloof, Woord en gemeente!*

Met Advent wat binnekort aanbreek en die Jesuskind in ons midde, wil ek jou uitdaag: gaan maak ’n lys woorde wat jou laagtepunte in 2017 verwoord. Maar moenie daar stop nie! Maak dan nog ’n lys met woorde wat beskryf waarvoor jy dankbaar is en wat jou die afgelope jaar staande gehou het. Tussen al hierdie woorde kan jy in hoofletters skryf: “IMMANUEL” (God met ons). Mag hierdie Woord ons in staat stel om nuut te dink en te praat, om ons seëninge meer gereeld te tel en die boodskap van nuwe lewe te verkondig waar mense daarna smag.

Neil du Plessis